

PERSVERKLARING UITGEREIK DEUR PLAAS MEDIA NAMENS DIE AFRICAN LIVESTOCK TRADE FAIR (ALFA)

ALFA word die tuiste van kampioene

Die African Livestock Trade Fair, oftewel ALFA, is vanjaar vir die tweede keer aangebied en het weer eens gefokus op die totale landboubedryf, maar vanuit die oë van 'n veeboer. Vanjaar se ALFA het van 12 tot 14 September by die Afridome in Parys plaasgevind en het vir veeboere en rolspeleers in die veebedryf 'n platform geskep waar verskeie belangrike geleenthede bygewoon en besigheid gedoen kon word. Sowat 4 500 besoekers het vanjaar se gebeure meegemaak.

Die onderskeie uitstallings het gefokus op die vier kommoditeite van die veebedryf – rooivleis, suiwel, wild en vesel. 'n Suksesvolle ALFA 2017 het op 'n hoogtepunt afgesluit met die ALFA-galadinee en prysuitdeling, waartydens 'n verskeidenheid spogtoekennings oorhandig is.

Interraskampioenskappe @ ALFA 2017

Een van die groot hoogtepunte van ALFA 2017 was die Hinterland nasionale vleisbees-interraskampioenskap, die GWK suiwel-interraskampioenskap en die Molatek kleinvee-interraskampioenskap. Die interraskampioenskap is die belangrikste wyse waarop ALFA ondersteunend tot bestaande streekskoue funksioneer. Interraskampioenwenners van die grootste streekskoue kwalifiseer om by ALFA in die nasionale kampioenskappe teen mekaar mee te ding.

Vanjaar se Hinterland nasionale interraskampioenkoei is die 2017 Vryburg-skou se streekskampioen, Roechama Suré RMC 130018. Sy is 'n rooi Angus-koei van RC Malherbe en André Markgraaff. Die Hinterland nasionale interraskampioenbul kom ook van die Vryburg-skou af en is die Braunvieh-bul, Witbek Salute HB 15-0011, van Hans Bester. Die beoordelaars in die kompetisie was Willie de Jager, Tok Serfontein, Piet Delpont, Martin Seyfferdt en Jaco Maré.

Nog 'n belangrike toekenning wat hier gemaak is, was vir die beste hanteerder tydens die kampioenskappe. Dit het gegaan aan Cresswell Arnoldus van De Panne Angus.

By die suiwel-interraskampioenskap is die GWK prinses van die ekspo-kroon gedra deur Maki Tuis Chilli Parys van Maki Tuis Jerseys. Die GWK koningin van die ekspo is Macneil 13166 van Poena van Niekerk se EDE Farming. Die beoordelaar was Andrew Masterson.

Verskeie top interraskampioenskappe is ook in die Molatek kleinvee-afdeling gemaak:

- Vleisskaap-ooi: Meatmasters, Nico Grobler van Kern Meatmasters.
- Vleisskaap-ram: Dorper, Colene van der Merwe, Constantia Dorpers.
- Woldraende vleisskaap-ooi: Suffolk, Carel Greyling, Carmar Suffolk.
- Woldraende vleisskaap-ram: Dormer, Colene van der Merwe, Kalkvley Dormers.
- Wolskaap-ram: Dohne Merino, Louis Nel, Nello Dohne.
- Melkbok-ooi: Saanen, Rina en Norman Belcher, Belnori.

Die beoordelaars was Jan de Jong, Mike van den Berg en Joubert Fourie.

'n Waardeketting-fokus

In die kompetisies en uitstallings is op die kommoditeite van die veebedryf se waardekettings gefokus. Dit sluit in die konyn-waardeketting, suiwelwaardeketting, wildwaardeketting en meer. 'n Rooivleis-waardekettingfokus was 'n baie belangrike komponent van ALFA 2017 en het verskeie opwindende kompetisies ingesluit. Deel hiervan was die beoordeling van slagvee.

Die doel van die fokus was om mense te leer hoe om te bepaal of 'n dier reg is om geslag te word, deur die beste waarde in terme van die klassifikasie van die karkas te verkry. Die interrasbeoordeling asook die Leriba People's Choice Beef Challenge en Wagyu- en Wynparing, was ook deel van hierdie fokus.

Taltec slagos-beoordeling

'n Kralekompleks is deur Taltec opgerig as deel van die buite-uitstallings by ALFA. Twee groepe slagosse van vyf elk is in die krale geplaas en 'n beoordelaar van die Suid-Afrikaanse Vetveebeoordelaarsvereniging (SAFJA) het elke uur 'n lesing oor die beoordeling van slagosse aangebied.

Die publiek kon dan hulle nuutgevonde kennis beproef deur die ander groep slagosse, wat duidelik genommer was, van eerste tot vyfde plek te plaas. Die persoon wie se plasing naaste aan die korrekte antwoord was, is as die wenner aangewys en het 'n Tal-Tec neklamp ontvang. Dié wenner was Roger Crispin van Delareyville.

Sernick slagos- en karkas kompetisie vir ontwikkelende boere

Sernick het 'n lang verbintenis tot die ontwikkeling van veeboere en bedryf 'n ontwikkelingsprogram onder leiding van Patrick Sekwatlakwatla. Die top vyf boere in dié program het by ALFA 2017 die geleentheid gekry om hul diere in te skryf en só deel te word van die kommersiële hoofstroom-landbou. Die inskrywings is beide op die hoof en aan die hak beoordeel en 'n gesamentlike punt is gebruik. Die wenner in die kompetisie was Maria Mthimkulu en sy het ook die tweede plek behaal.

In die Leriba People's Choice Beef Challenge is vleis van ses verskillende rasse op dieselfde manier deur dieselfde sjef gaargemaak. Skougangers kon dié vleis proe en vir hul gunsteling stem. Die Angus-vleis was volgens die publiek die lekkerste. Die vleis is verskaf deur Andrew Masterson van Milagro Angus.

Santam Landbou Nasionale Kuilvoer kompetisie

Nog 'n hoogtepunt was die bekendmaking van die 2017 Santam Landbou kuilvoerkoning. Die Santam Landbou Nasionale Kuilvoer kompetisie word jaarliks deur *Veeplaas* en *Stockfarm* aangebied en is in 2017 vir die vierde keer aangebied. Die doel van die kompetisie is om by te dra tot die bevordering van goeie kuilvoerpraktyke.

“As ons die nasionale beraamde kuilvoerproduksie van ongeveer 9 miljoen ton (nat) gebruik en die prys per ton R500 maak, sal 'n skamele 3% verbetering in kuilvoerproduksiemetodes 'n besparing van R135 000 000 beteken. Dit is hoekom dié kompetisie so belangrik is,” het Gerhard Diedericks, hoof van Santam Landbou, die kompetisie se naamborg, net voor die oorhandiging gesê.

Deelnemers in die kompetisie ding in drie kategorieë mee om die titel van kuilvoerkoning, naamlik mieliekuilvoer, voersorghumkuilvoer en hawerkuilvoer. Die wenner in die mielie-kategorie was Westend Landgoed, terwyl die voersorghum-kategorie wenner Sparta Baby Beef van Marquard is. Die hawerkategorie is deur Danie Louw van Klipheuwel in die Wes-Kaap gewen. Westend Landgoed is uiteindelik ook as algehele wenner en die 2017 Santam Landbou kuilvoerkoning aangewys.

Toyota SA Nasionale Jong Afslaers kompetisie

Die Toyota SA Nasionale Jong Afslaers kompetisie is vir die eerste keer in 2015 deur die landboutydskrifte, *Veeplaas* en *Stockfarm*, aangebied. Die kompetisie word gehou om die lewendehawe-afslaersberoep te bevorder. Deelnemers word in jong (19 tot 30) en junior (skoolgaande) kategorieë beoordeel volgens hul vertoning op die rostrum, veekennis en bedryfskennis.

Deur die loop van die jaar is kwalifiserende streeksrondtes by verskeie landbougeleenthede gehou. Die deelnemers wat by die geleenthede gekwalifiseer het, het tydens ALFA 2017 aan die finale nasionale rondte

van die kompetisie deelgeneem. Afslaers Nico Langeveldt en Ian Grobbelaar het die agt junior deelnemers en ses jong deelnemers volgens hul totale pakket as afslaers beoordeel.

In die junior afdeling het Hertie Lerm sy titel verdedig en die eerste plek behaal. Fiso Hadebe en Wandile Nzimande van Weston Landbouskool, is onderskeidelik in die tweede en derde plekke geplaas.

In die jong afdeling het die 2016 wenner, Steven Matthews, die kroon oorgegee aan sy broer, Gavin Matthews, wat by die Royal-skou in Pietermaritzburg gekwalifiseer het. Twee Vrystaters het die ander twee posisies opgeneem met Mechiel Groenewald in die tweede plek en Jurie Burger derde.

ALFA-jeugfokus

'n Landboujeugfokus was een van die vier pilare waarop ALFA 2017 gestaan het. Die doel van dié program was onder meer om die jeug aan landboupraktyk bloot te stel en die landbouers van môre deel van die landbougemeenskap te maak.

'n ALFA 2017 interskole-kompetisie is gehou om landbouskole die geleentheid te gee om hulself teen ander skole te meet en lekker kompetisie te hou. Altesaam tien kompetisies het deel gevorm van dié uitdaging. Elke skool moes aan die FNB landbouskole-uitstalling, die *Veeplaas*-vasvrakompetisie vir landbouskole en Voermol en Konsortium-Merino se jeugskoue deelneem. Daarby kon hulle twee kompetisies uit die oorblywende sewe kies om aan deel te neem.

Pryse is ook in die individuele kompetisies toegeken, maar 'n totale punt is gebruik om die ALFA 2017 landbouskool van die jaar aan te wys. Dié spogtoekenning het aan Hoërskool Wagpos in Brits gegaan.

Verdere uitslae in die jeugfokus

- Obaro junior slagskompetisie: Hoërskool Reitz.
- JSE-wolhanteringskompetisie: Landbouskool Hendrik Potgieter, Reddersburg.
- Zoetis junior interras-kampioenskap:
 - Bul: Hoërskool Kroonstad (Blouskool).
 - Vroulike dier: Unicom Secondary Agricultural School, Tweespruit.
- Santam Landbou junior kuilvoerkompetisie: Hoërskool Bekker.
- ALFA-sweepslaankompetisie: Hoërskool Merensky, Stefan Corbett.
- Sernick junior karkaskompetisie: Hoërskool Reitz.
- *Veeplaas*-vasvrakompetisie: Hoërskool Reitz.
- FNB landbouskole-uitstalling: Hoërskool Merensky.
- Voermol grootvee-jeugskou:
 - **Vleisbees junior:** Ané Kleynhans, Hoërskool Kroonstad (Blouskool).
 - **Vleisbees senior:** Dominique Blandin de Chalain, Hoërskool Merensky.
- Konsortium Merino kleinvee-jeugskou:
 - **Vleisbok junior:** Caleb Lootzy, Weston Agricultural College.
 - **Vleisbok senior:** Pierru Kruger, Morgenzon Landbou-akademie.

Veeplaas skolekuddeprojek

Die WA Lombard-wisseltrofee is vanjaar vir die eerste keer tydens ALFA toegeken vir spesiale prestasies van skole wat aan die *Veeplaas*-skolekuddeprojek deelneem. Vanjaar se wisseltrofee het gegaan aan Unicom Secondary Agricultural School vir die beste vordering in 2017.

'n Tweede toekenning is gemaak vir goeie kuddebestuur vir skole wat deelneem aan die *Veeplaas*-skolekuddeprojek en hier is die Universiteit van die Vrystaat Landbou-ekonomie-trofee oorhandig aan Hoërskool Kroonstad Blouskool. Die trofeë is deur WA Lombard, die koördineerder van die *Veeplaas*-

skoldekuddeprojek, oorhandig. Hierdie projek sal voortaan deur die PLAAS Landboujeugstigting bestuur word met Lombard steeds as die koördineerder.

Veilings @ ALFA 2017

Verhandeling is 'n baie belangrike fokus van ALFA en veilings word beskou as die veeboer se top verhandelingsplatform. Juis daarom is verskeie veilings tydens ALFA 2017 aangebied.

Elite Dormerveiling

Die vier verkopers by hierdie veiling was Manie en Karin Wessels van Frankfort, Dolf Bam van Wakkerstroom, Schalk Lourens van Bethal en Erika Hanekom van Malmesbury. Die uitslae was as volg:

- Hoogste prys ram: R85 000.
- Hoogste prys ooi: R12 000.
- Gemiddelde prys ramme: R15 321,43.
- Gemiddelde prys ooie: R5 725,47.

Albei diere wat die hoogste pryse behaal het, is aangebied deur Schalk Lourens van Bethal. Die ram is deur Colene van der Merwe van Petrusburg gekoop. Vleissentraal het die veiling aangebied en Ian Grobbelaar was die afslaer.

SAVM-jongramveiling

Altesaam 46 uitstaande jong ramme het onder die hamer gekom en 'n 100% verkoopsyfer is behaal. Die gemiddelde prys vir die ramme was R12 728. Die ramme is almal 18 maande of jonger, die nageslag van top SAVM-moeders en vrugbaar getoets.

Die ram wat die hoogste prys behaal het, is deur Henning Vorster van Middelburg in die Oos-Kaap verkoop. Die bod is op dié ram toegeslaan vir R22 500. Die veiling is deur BKB Louwid aangebied.

PIC-varkveiling

Twee pakketlotte van top teelmateriaal is tydens ALFA 2017 deur Alzu Pig Genetics/PIC op die veiling aangebied. Die diere op aanbod was PIC 337 beer en PIC 410 beer. Hulle is elkeen in 'n pakket gekombineer met 'n 24-weke oue Camborough jongsog. Lot 1 is deur Estvan de Klerk van die Green Acres-stoet in Upington gekoop en lot 2 deur Gerhard Munro wat naby Parys boer. Die lotte is teen R11 000 elk verkoop.

Kleinwild- en Dexterveiling

North West Wildlife Traders het tydens ALFA 2017 'n suksesvolle kleinwild- en Dexterveiling aangebied. 'n Gemiddelde prys van ongeveer R5 000 is oor die wildlotte behaal. Die hoogste prys is vir 'n Rietbok-pakket van drie ootjies betaal en een rammetjie vir R9 000 stuk. Die gemiddelde prys oor die Dexter-lotte was R20 500 en 'n hoogste prys van R42 000 is betaal vir 'n Dexter-koei.

Stilveilings

BKB Louwid het twee stilveilings aangebied tydens ALFA 2017. Hugenote-, Afrikaner en Beefmaster-bulle is oor twee dae op die digitale stilveiling aangebied en 'n gemiddelde prys van R30 250 is behaal. Merino-, Suffolk-, Landskaap en Dohne Merino-ramme is ook aangebied en 'n gemiddelde prys van R8 250 is behaal.

Spesiale toekennings

Tydens die ALFA-dinee is spesiale toekennings oorhandig aan vier persone in die veebedryf. Dié toekennings het ten doel om erkenning te gee aan mense wat 'n uitsonderlike bydrae tot die veebedryf maak of gemaak het.

Die volgende persone is vereer vir hul lewenslange bydrae tot die bedryf:

- Koos Pienaar ontvang 'n toekenning vir sy lewenslange bydrae tot die georganiseerde veebedryf.

- Eddie Prinsloo ontvang die toekoms-toekenning wat eer gee aan 'n aksie of program wat 'n bydrae lewer tot die toekoms van die veebedryf, in hierdie geval vir die vestiging van 'n werkbare SEB-vennootskap met sy personeel.
- Dr Faffa Malan ontvang 'n toekenning vir sy lewenslange bydrae tot die wetenskap van veegesondheid.
- Martin Seyfferdt ontvang 'n toekenning vir sy bydrae tot die organisering van die veebedryf, spesifiek vir die vestiging van die interras-konsep in die Suid-Afrikaanse veebedryf.

Maak seker jy is @ALFA 2018!

ALFA 2017 is reeds wyd as 'n sukses beskryf en was beslis een van die hoogtepunte op die 2017-veekalender. Die program het verskeie uiters leersame werkwinkels en kursusse ingesluit wat goed deur belangstellendes bygewoon is.

“ALFA 2017 was 'n groot stap vorentoe om aan die veebedryf in Suid-Afrika 'n prestige platform te bied waarop verhandel en ge-netwerk kan word. Die waarde van ALFA lê veral in die hoëvlak-samewerking tussen al die kommoditeitsverenigings, georganiseerde landbou, verskeie telersgenootskappe, landbouskole, akademiese instellings en prominente insetverskaffers in die bedryf. Hierdie samewerking laat reg geskied aan dit waarvoor ALFA staan: African Livestock Trade Fair,” sê Albert Loubser, mede-organiseerder van ALFA.

“ALFA 2017 was vir my persoonlik 'n wonderlike ervaring,” sê dr Niel van Zyl van die Africa Business Institute, die ander organiseerder van ALFA. “Die uitstaande kenmerk vanjaar en verlede jaar, was die passie en toegewydheid waarmee ALFA se vennote – van borge en uitstallers tot deelnemers en helpers – die geleentheid as hul eie toegeëien het.

“Dit plaas natuurlik 'n geweldige verantwoordelikheid op ons as organiseerders om die ALFA-platform verder uit te brei en te verbeter. Ek sien uit na ALFA 2018!”

Daar word reeds uitgesien na en hard gewerk aan ALFA 2018 wat van 18 tot 20 September 2018 sal plaasvind. Hou die pers dop vir meer inligting. Kontak Albert Loubser by 082 562 2188 of epos albert@veeplaas.co.za

Fotobyskrifte:

ALFA1: Die Afridome tydens ALFA 2017.

ALFA2: Die ALFA 2017 landbouskool van die jaar is die Hoërskool Wagpos van Brits.

ALFA3: Die 2017 Hinterland nasionale interraskampioen-koei is Vryburg-skou se streekskampioen, Roechama Suré RMC 130018, 'n rooi Angus-koei van RC Malherbe. Van links is Daan Bronkhorst en Phillip Lee van Hinterland by Leslé, Gerhard, Suré en RC Malherbe, en die hanteerder Ben Marumo.

ALFA4: Die 2017 Hinterland nasionale interraskampioenbul kom van Vryburg-skou en is die Braunvieh-bul, Witbek Salute HB 15- 0011, van Hans Bester. Van links is Daan Bronkhorst en Phillip Lee van Hinterland, Hans en Marina Bester, en die hanteerder Ishmael Nkosi.

ALFA5: Die GWK prinses van die ekspo is Maki Tuis Chilli Parys van Maki Tuis Jerseys. Van links is Fanus Linde van GWK, Phillip Swart van die Melkprodusente-organisasie (MPO), en Jaco en Jennifer Pieters van Maki Tuis Jerseys.

ALFA6: Die GWK koningin van die ekspo is Macneil 13166 van Poena van Niekerk se EDE Farming. Van links is Poena van Niekerk, Andrew Masterson, die beoordelaar, Phillip Swart van die MPO, Annelize van Niekerk en Fanus Linde van GWK.

ALFA7: Die 2017 Santam Landbou kuilvoerkoning is Westend Landgoed. Van links is Richardt Venter, mede-koördineerder van die kompetisie, Gerhard Diedericks, hoof van Santam Landbou, die naamborg van die kompetisie, en Hano en Imke Lombard van Westend Landgoed.

ALFA8: Van links is Albert Loubser van Veeplaas en Ian Grobbelaar, beoordelaar, by die top drie afslaers in die jong afdeling van die 2017 Toyota SA Nasionale Jong Afslaerskompetisie: Jurie Burger, derde plek, Mechiel Groenewald, tweede plek en Gavin Matthews, die wenner.

ALFA9: Die wenners in die junior afdeling van die 2017 Toyota SA Nasionale Jong Afslaerskompetisie is, voor van links, Wandile Nzimande, derde, Fiso Hadebe, tweede en Hertie Lerm, eerste. By hulle, van links, is Albert Loubser van Veeplaas, Ian Grobbelaar en Nico Langeveldt, die beoordelaars, en Johan Cillie van EastVaal Toyota in Potchefstroom.